

Oktober 2020

Geagte Lid

BELANGRIKE INLIGTING: ALGEMENE JAARVEGADERING

Soos u bewus is, word Transmed Mediese Fonds se Algemene Jaarvergadering (AJV) elke jaar in Junie gehou. As gevolg van die COVID-19-inperkings en in die belang van ons lede, het die Raad van Trusteese aansoek gedoen vir vrystelling by die Raad van Mediese Skemas om die AJV uit te stel, wat toegestaan is.

Aangesien die inperking tot vlak-1 verlig is en faktore wat voorheen 'n impak op sametrekkinge en vergaderinglokaal gehad het nie meer van toepassing is nie, word kennis hiermee gegee dat die AJV op Dinsdag, 17 November 2020 om 14:00 by die Irene Dairy Farm, Nellmapiusweg, Irene, Gauteng, sal plaasvind.

Lede word hiermee in kennis gestel dat COVID-19-reëls by die AJV van toepassing sal wees. Die reëls sluit die volgende in:

- Lede moet hulle hande ontsmet voor hulle die lokaal binnegaan (handreinigingsmiddels sal voorsien word).
- Lede moet te alle tye 'n masker dra.
- Temperatuur skandering sal uitgevoer word.
- 'n COVID-19 vraelys sal voltooi word.
- 'n Sosiale afstand van ten minste 1.5 meter sal van toepassing wees.

Lede wie die AJV wil bywoon word versoek om te registreer voor hulle die vergadering bywoon.

Let asseblief daarop dat indien u nie registreer nie, u dalk nie toegelaat sal word om die lokaal binne te gaan as gevolg van COVID-19-regulasies nie.

Vul asseblief die ingeslote registrasievorm in en dien dit teen nie later nie as 13 November 2020 op een van die volgende wyses in:

- per faks na 011 403 1740;
- per epos na fundmanagement@transmed.co.za; of
- per hand by die Fonds se kantore by De Korte straat 101, Braamfontein.

Vriendelike groete

PETRUS WASSERMANN
HOOFBEAMPTE